# Geopende *Deure* NUUSBRIEF

Vervolg · Maar nooit alleen.



**SEPTEMBER/ OKTOBER 2020**

Dankie dat jy help om Christenouers toe te rus, bl. 2 | Die Woord kry lewe in die donkerste plekke, bl. 3 | V&A met 'n traumaberader van Geopende Deure, bl. 4 Dankie dat jy Christenmeisies en -vroue in Egipte bemagtig, bl. 5 | Gee 'n geskenk, gee hoop, bl. 6 | Dankie dat jy aanhou bid, bl. 7


Verteenwoordigende foto gebruik.

# Dankie dat jy help om Christenouers toe te rus

Ongeag waar in die wêreld jy bly, is dit ŉ groot voorreg om kinders groot te maak. Dit is egter ook harde werk – en dis selfs nog moeiliker om Goddelike kinders groot te maak. Daarom probeer ons hulle help om vanaf ŉ jong ouderdom ŉ sterk fondament vir hul Christelike geloof te bou, terwyl ons hoop dat hulle sal aanhou om saam met God te wandel as hulle ouer word.

Ongelukkig ervaar ouers in die Midde-Ooste, Arabiese Skiereiland en Noord-Afrika druk wanneer hulle probeer om hul kinders in ŉ Christelike huis groot te maak, veral as hulle Gelowiges vanuit ŉ Moslemagtergrond is.

*"Hoewel die uitgebreide familie ŉ seën is, tree verskeie volwassenes met verskillende idees en aanslagte as hul ouers op,"* sê Irene*, ŉ moeder en blogger van die Midde-Ooste.

Talle ouers maak op die Kerk staat om hul kinders Christelike waardes te leer, terwyl geheime gelowiges hul kinders noodgedwonge in isolasie grootmaak. *"So is daar ŉ tekort aan kennis oor ouerskap, veral ouerskap wat op Christelike waardes baseer is,"* sê ons koördineerder, Felix*.

In Palestina sê Marc: *"Ons getalle daal. Baie mense vrees die toekoms van die Kerk – gaan daar nog oor jare ŉ Kerk wees?"*

Al hierdie dinge vereis dat ouers ŉ goeie Bybelse grondslag moet hê, sodat hulle die volgende generasie Christene kan grootmaak om ŉ lig vir Christus te wees.

Gelukkig kan ons dié ouers help met noodsaaklike aanlyn-opleiding en hulpbronne om in hul Bybelse ouerskaps-vaardighede te groei. Dit help hulle om hul kinders Christelike waardes te leer terwyl hulle in Islamitiese omgewings grootword.

Een van die maniere waarop ons dit doen, is deur blogs wat ouers skryf oor lewenservarings wat met Koninkryks-waardes verbind word. *"Julle programme het ons gesinslewe verander, ons doen dinge nou anders,"* sê ŉ ouer.

Dankie dat hierdie noodsaaklike opleiding aan vervolgde Christenouers beskikbaar is. Julle help hulle om die volgende generasie van die Kerk groot te maak deur hulle met Bybelse vaardighede toe te rus om hul kinders in geloof te vestig.

*Name verander vir sekuriteitsredes.

**Besoek www.OpenDoors.org.za/gvh om te sien hoe jy ouers kan help om Bybelse ouerskapsvaardighede te leer om hul kinders groot te maak.**



Verteenwoordigende foto gebruik.

# Die Woord kry lewe in die donkerste plekke

Onthou jy wanneer jy jou eerste Bybel gekry het? Dalk was jy nog ŉ kind. In elk geval, dit was waarskynlik baie spesiaal.

Het jy al ooit gewonder oor ons vervolgde broers en susters, wat dikwels nie hul eie Bybel of selfs ŉ Bybel in hul eie taal het nie, omdat dit te gevaarlik is?

ŉ Maleisiese gelowige, Reina*, wat haar hele lewe in armoede geleef het, het Jesus ontmoet toe ons plaaslike vennoot vir haar ŉ kopie van die Nuwe Testament in haar taal gegee het. Hoe meer sy die Bybel gelees het, hoe liewer het sy vir Jesus geword.

Sy het desperaat daarna gesmag dat haar man en drie ongeletterde seuns hierdie liefde met haar moes deel. Maar ongeag hoe hard sy probeer het om dit aan hulle te verduidelik, hulle kon nie haar fassinasie met Christus verstaan nie.

Haar gebede is beantwoord deur een van ons vennote, wat vir haar die Nuwe Testament gegee het. Sy het ŉ geheuestokkie ontvang met ŉ Oudiobybel, ŉ PDF-Bybel en video's van die vier Evangelies in haar taal, wat sy kon speel terwyl sy kook of in haar winkel werk.

ŉ Dag nadat sy die geheuestokkie gespeel het, het haar jongste seun gevra wie Jesus is. Haar oë het vol trane geskiet.

Sy is dankbaar vir die geleentheid wat jy deur jou ondersteuning help skep het om die Evangelie met haar familie te deel.

*"Julle het kleur in my grys lewe gebring,"* sê sy oor hierdie wonderlike geskenk wat julle gehelp het om vir haar te gee. *"Julle is ŉ seën vir my. Ek is onsigbaar vir my bure, maar God sien my en help my deur mense soos julle."*

Dankie dat jy deur jou ondersteuning aan Geopende Deure gehelp het om die Bybel lewendig te maak in die lewens van Reina en haar familie. Jou ondersteuning help om digitale Bybels aan gelowiges in die gevaarlikste wêrelddele te voorsien.

*Naam verander vir sekuriteitsredes.

# V&A met ŉ traumaberader van Geopende Deure

**Talle vervolgde Christene ervaar trauma. In Iran byvoorbeeld, ly tientalle Christene, wat tronk toe gestuur is vir hul geloof, aan trauma wanneer hulle vrygelaat word. Ons het met ons traumaberader, Tina*, gepraat oor haar werk onder vlugtelinge wat voormalige gevangenes is. Sy het die volgende gesê:**

## Wat dryf jou om hierdie werk te doen?

Ek glo dat ons God se gemeenskap is, en ons het verskillende rolle en gawes om te vervul. Ek glo God is die geneser en dat Hy ons wil help om te floreer, en nie net te oorleef nie. Ek sien veranderde lewens, dat God in beheer is, en Hy wil aanraak en genees. Ek voel vervuld en bevoorreg om ŉ instrument in Sy hande te wees.

## Waarom organiseer Geopende Deure hierdie opleiding? Waarom is dit belangrik?

Vervolging verander jou vir ewig. Wanneer ons nadink oor vervolging... het ek al talle vlugtelinge hoor sê dat hul lewens baie moeilik is. Dis soos ŉ tronk sonder tralies waarin hulle vasgekeer voel.

Die mense wat ons help, is die ouers van ŉ volgende generasie gelowiges en die gesig van die Kerk. Wanneer ŉ mens hulle help, help jy die vervolgde Kerk.

## Kan jy die impak van hierdie opleiding met ons deel? Hoe is die mense aan die begin en ná sessies?

Trauma word somaties in die liggaam geberg. Dit beïnvloed die sensoriese netwerke en senuweestelsel. Die meeste oud-gevangenes ly aan somatiese pyne, rugpyn, hoofpyn ens. Nadat mense die opleiding voltooi het, is hul liggaamspyne aansienlik minder.

Hulle voel geïsoleer, eensaam, kwaad, bitter, swak, weemoedig en hooploos. Wanneer hulle sien dat hulle nie alleen is nie en dat ander soortgelyke probleme ervaar, bring dit normaliteit na die situasie. Hulle praat en deel met mekaar, leer by mekaar en voel veral verbonde.

*Naam verander vir sekuriteitsredes.



Verteenwoordigende foto gebruik.

**Sien hoe jy emosionele en praktiese ondersteuning aan vervolgde Christene kan bied.**

**Besoek OpenDoors.org.za/gvh**

# *Dankie dat jy Christenmeisies en -vroue in Egipte bemagtig*



Verteenwoordigende foto gebruik.

Geslagsgebaseerde geweld is een van die mees algemene menseregte-oortredings ter wêreld, en volgens die Verenigde Nasies raak dit een uit elke drie vroue. Dis ook ŉ wydverspreide probleem in ons eie land, wat die president as ŉ *tweede pandemie* beskryf.

Ons vervolgde Christensusters is nie vreemdelinge op hierdie gebied nie. Hulle is dubbel kwesbaar weens hul geslag en Christelike geloof. In plekke soos Egipte lyk dit onafwendbaar. Die gevaar van ontvoering of teistering is hier ŉ daaglikse bekommernis vir vroue, meisies en hul ouers.

Stel jou voor dat jy vir jou 21-jarige dogter wag om van die winkel af terug te keer. Soos wat die tyd verbygaan, raak jy bekommerd en reik na jou foon om haar te bel. In plaas van jou dogter se stem, antwoord ŉ aggressiewe manstem: "*Moenie weer bel nie, sy kom nooit weer huis toe nie.*"

Dit het met ŉ wewenaar-pa gebeur. Sy dogter, Maggie, was een van baie meisies wat in 2018 verdwyn het. Sy was egter een van die gelukkiges wat met haar familie herenig is. Baie meisies keer nooit terug huis toe nie.

Hoewel die aantal ontvoerings effens afgeneem het, sê Melissa*, die leier van ons meisiesbediening: *"Radikale Moslem-selle span hulle spinnekopweb om Christenmeisies en -vroue om hulle te ontvoer en te dwing om Islamitiese huwelike te sluit."*

Hulle teiken jong Christenmeisies met ŉ lae selfbeeld en berei hulle voor deur te maak asof hulle die meisies liefhet. Gelukkig help jou ondersteuning Melissa en haar span om die basis te lê vir die voorkoming van ontvoering en ander vorms van teistering, wat selfs meer algemeen is.

Ongelukkig is hierdie meisies nooit veilig nie, ongeag hoe voorbereid hulle is. Maggie was alreeds deel van ŉ meisies-bedieningsgroep toe hulle haar ontvoer het. Die groep het haar egter ná haar traumatiese ervaring gehelp om te herstel.

*"Hulle het my bygestaan en gehelp om my hoop te herstel, asook om my vrees en gevoel van skande te oorkom,"* sê Maggie. *"My selfbeeld, waarde en lewe is herstel. Ek is so geseënd om Nora* (my groepleier) en die meisiesgroep in my lewe te hê. Ek prys God vir hulle."*

Dankie dat jy hierdie volgehoue bediening in Egipte ondersteun. Dit is noodsaaklik om Christenmeisies en -vroue, en gevolglik die Kerk in Egipte, te bemagtig.

*Name verander vir sekuriteitsredes.

# GEE ŉ GESKENK, GEE HOOP

2020–2021

Vervolgde Christene wêreldwyd ervaar daagliks allerhande gruweldade vir hul geloof in Jesus. Hulle word geteister, verwerp, geïsoleer en selfs doodgemaak.

Ongeag die prys wat hulle betaal, hou hulle aan om Christus te dien. Soms eis dit sy tol op hulle, omdat hulle baie angs en hopeloosheid ervaar.

## Wat kan jy doen?

Jy kan help om hulle hoop te gee en hul pyn te verlig deur aan hulle die noodsaaklike ondersteuning te gee wat hulle benodig. Dit sluit in bemagtigingsopleiding vir kwesbare meisies en vroue, skuilhuise vir diegene wat in gevaar is en soveel meer.

Staan by jou vervolgde familie en oorweeg vandag biddend hoe jy hulle die beste kan ondersteun deur ŉ *Geskenk van Hoop*.

**Besoek www.OpenDoors.org.za/gvh om te sien hoe jy vandag ŉ vervolgde Christen kan seën.**





Verteenwoordigende foto's gebruik.




# Dankie dat jy aanhou bid

**Namate die COVID-19-pandemie ontvou, gee Pierre Meute*, ŉ spanleier vir ons werk in Sentraal-Afrika, ons ŉ blik op die realiteit wat Christene nou ervaar.**

Hallo liewe geloofsvriende

Ons hou aan om God te vertrou omdat ons geloof in Hom is. Ongelukkig het COVID-19 nie al die ander uitdagings weggevee nie. Dit het veral nie wêreldwye vervolging verminder nie.

Die grootskaalse diskriminasie en marginalisering van Christene duur voort in ons substreek. Soos jy weet, lei hierdie pandemie tot beperkte toegang tot hulpbronne. Jy kan jou egter voorstel… dit stel ons vervolgde broers en susters aan selfs nog meer marginalisering bloot.

Dis baie moeilik om tot jou huis beperk te word wanneer jy nie toegang tot basiese lewensmiddels het nie en nie weet hoe jy jouself gaan voed nie. So hierdie situasie is vir almal moeilik. Vervolgde Christene ervaar egter dikwels nog meer probleme in moeilike tye omdat hulle op die kantlyn geskuif word.

Dankie dat jy steeds vir hulle bid, sodat hulle sal onthou dat God in hierdie moeilike tyd oor hulle waak. Terwyl jy getrou en vurig vir hulle bid, moedig ons jou aan om nie hoop of moed te verloor nie en om toegewyd aan God te bly. Ons bid ook vir jou, omdat dit ook nie vir jou maklik is nie.

Baie dankie vir jou gebedsondersteuning en vrygewige geskenke. Terwyl ons ons dankbaarheid betuig, wil ons jou aanmoedig om ons nog meer in gebed vir Christene in Sentraal-Afrika te ondersteun.

*Pierre Meute*

*Naam verander vir sekuriteitsredes.

# VANUIT JAN SE PERSPEKTIEF

Liewe vennoot van die vervolgde Kerk

Hulle word opgesluit, deur hul families verstoot, op gespoeg deur hul bure, deur hul gemeenskappe verwerp en deur die owerhede in die tronk gegooi. Tog hou ons vervolgde familie in Christus aan om sterk te staan en hul lig te laat skyn.

Met die addisionele druk van die pandemie, wonder jy dalk hoe dit met ons vervolgde familie gaan.

Ek het onlangs met van ons belangrikste plaaslike kerkvennote in Suid- en Suidoos-Asië gepraat. Een van hulle het met my gedeel hoe hulle tydens die inperking meer mense bereik het met die boodskap van verlossing, omdat Geopende Deure hulle gehelp het om hul preke digitaal te lewer.

Terwyl ek met ons kerkvennote gepraat het, het almal my gevra om diegene te bedank wat hulle in hierdie tyd van nood help. Hulle het my ook verseker van hul gebede vir ons. Ons by Geopende Deure wil jou ook bedank vir jou volgehoue gebede en ondersteuning.

Ek doen 'n beroep op jou om toegewyd te bly in jou gebede en ondersteuning vir ons vervolgde familie. Een van die maniere waarop jy hulle kan ondersteun, is deur 'n *Geskenk van Hoop* uit ons nuwe *Geskenke van Hoop*-katalogus. Jou geskenk sal hulle daaraan herinner dat hulle nie alleen is nie en sal hulle help om aan te hou om God se getuies te wees in die gevaarlikste plekke vir Christene. Oorweeg asseblief biddend hoe jy 'n verskil in hul lewens kan maak deur 'n geskenk.

Ons hou aan om jou en jou geliefdes in hierdie tyd in ons gebede te hou, aangesien ons almal diep geraak word deur die huidige pandemie. Mag God aanhou om jou te seën en te bewaar in hierdie tyd.

Saam in Sy diens





Jan Gouws
Uitvoerende Direkteur
Geopende Deure Suider-Afrika

**Besoek www.OpenDoors.org.za/gvh vir ons nuwe *Geskenke van Hoop*-katalogus!**


**Posbus 1771, Cresta, 2118**
**T** +27 11 888 9341
**F** +27 11 888 9362
**E** southafrica@od.org
**I** www.opendoors.org.za

Open Doors South Africa



Bankbesonderhede: Suid-Afrika, **Geopende Deure - Open Doors, Absa - Northcliff (632005), Rekeningnr. 160340568**
**Geopende Deure - Open Doors, Nedbank Besigheidsrekening (198765), Rekeningnr. 113 750 4552**
Bankbesonderhede: Namibië, **Open Doors Namibia, Nedbank - Windhoek (461609), Rekeningnr. 1-2000-23847-1**
(Faks asseblief die bewys van betaling na: **+27 11 888 9362**)
Saamgestel deur Geopende Deure Suider-Afrika.


Inligting korrek by ter perse gaan. Geen reproduksie sonder toestemming nie. Kontak Milandré by milandreh@od.org


**REG # 2004/023397/08 | Drukwerk deur Resolution Litho**